# Die Christelike Vrou

Dankbaar, diensbaar, geseënd | Oktober 2022 | Amptelike mondstuk van die NHSV

# Oktober



**In 'n vorige Oktober-uitgawe het ek in die redaksionele artikel die bekende gedig van C Louis Leipoldt aangehaal waaruit die volgende woorde kom: *Dit is die maand Oktober, die mooiste, mooiste maand...* Dit is seker natuurlik vir ons Afrikaners wat die gedig ken, dat hierdie woorde in ons koppe sal draai in Oktober. So is dit met my ook, en toe ek dit hierdie week hardop begin opsê, vra 'n Engelsman my: *Nou wat beteken dit?***

Dit beteken natuurlik presies wat Leipoldt in sy gedig gesê het – dit besing die prag van die natuur, die nuwe lewe wat spruit, die geure wat ons harte bereik. Al is September eintlik die amptelike aanbreek van die lente, is Oktober die maand wanneer die spruite vastrapplek gekry het en bevestig dat die nuwe seisoen hier is. Vir studente (seker maar net in Pretoria?) is Oktober die maand wanneer jy hoop dat die jakarandabloeisels ook op jóú kop sal val.

In my voorbereiding vir hierdie teks, kom ek af op 'n artikel op die webwerf Afrikanergeskiedenis wat dit stel dat Oktober 1918 *nié ons mooiste, mooiste maand* was nie. Dit was die een maand waarin soveel mense – spesifiek jong mense – aan die Groot Griep gesterf het. Dit is dus te verstane dat daardie Oktober 'n wrang smaak in die mond gelaat het.

Ek dink aan ander dinge wat Oktober wel spesiaal maak:

- Dit is die maand waarin bewusmaking oor borskanker aan die orde van die dag is. Pienk materiaalstrikke aan bome en klein pienk strikkies op mense se klere wys jy (man of vrou!) is bewus van die gevaar van borskanker.
- In Oktober begin mense al dink aan Kersfees – ja, regtig! By die Kersmarkte wat landwyd toeneem, word geskenke en allerhande snuisterye verkoop. In sommige winkels word Kersversierings ook al uitgepak.
- Dit is ook die maand waarin ons die Hervorming herdenk – daardie gebeurtenis wat die kerk weer op die regte pad gebring het ná die dwaling van die Roomse Kerk.
- Dan is Oktober ook die maand waarin ons ons spesiale bydraes vir Bybelverspreiding aan die Bybelgenootskap van Suid-Afrika oorbetaal.

Wat Oktober ook al vir jou beteken, kyk na die pragtige blomme, ruik die geure, en wees dankbaar vir elke dag se stukkie genade.

*Hannelie*

# Ons vrouedosente in teologie



# Ons vrouedosente in teologie

**Prof Tanya van Wyk** **Ds Hannelie Botha**



***Emeritus prof Yolanda Dreyer***

***Prof Tanya van Wyk***



**Sedert Yolanda Dreyer as eerste vrou toegelaat is om teologie te studeer, het daar al baie water in die see geloop. In 'n kort tyd het 'n groot aantal vroue reeds as predikante afstudeer. Dit het egter nie daarby gebly nie, en dit was noodwendig dat vroue hulle ook in die akademie sou bevind.**

Tans is daar drie vrouepredikante van die NHKA voltyds in diens van die Fakulteit Teologie en Religie aan die Universiteit van Pretoria (UP). Dan is daar natuurlik ook prof Yolanda Dreyer wat onlangs geëmeriteer het, en ook prof Elsabe Kloppers, wat tot onlangs aan die Universiteit van Suid-Afrika verbonde was. In hierdie uitgawe leer ons twee van die dames 'n bietjie beter ken.

**Prof Tanya van Wyk**

Prof Tanya van Wyk is tans in diens van die Fakulteit Teologie en Religie as medeprofessor in die Departement Sistematiese en Historiese Teologie. Sy sê dat sy maar altyd gehoop en droom het om 'n akademiese loopbaan te volg, maar dit was nie noodwendig 'n besluit of realistiese opsie nie. Dít as gevolg van die mededingende aard van die akademiese sfeer, tesame met 'n jarelange geskiedenis van die stryd van vroue om toegang daartoe te verkry – spesifiek op die gebied van teologie en religie. "Ek is dankbaar en gelukkig om vandag terug te kyk en te sien hoe my droom verwesenlik is."

Dit was 'n uitdagende reis, maar ook een wat haar toegerus het met vaardighede soos deursettingsvermoë en emosionele en sosiale intelligensie. Al hierdie dinge is noodsaaklike vaardighede in die omgewing van hoër onderwys. Sy het in 2010 begin as 'n tydelike onderwysassistent in die Fakulteit, slegs twee jaar nadat sy haar MDiv voltooi het – in daardie stadium het sy ook as deeltydse predikant in 'n gemeente van die NHKA gewerk. Vanaf 2011 het sy 'n aantal tydelike doseerposte gehad, totdat sy in 2018 permanent as senior lektor aangestel is. Aan die einde van 2021 is sy bevorder tot medeprofessor.

Sy het nooit ophou studeer nie – toe een graad voltooi is, het sy vir die volgende een ingeskryf. Dit het beteken dat sy in 2002 as voorgraadse student in die Fakulteit begin het, haar BTh in 2005 voltooi het, MDiv in 2007, MTh in 2009, en PhD in 2013. Sy sê sy is dankbaar vir die geleenthede wat sy gekry het en vir die res: "Jy moet die harde werk insit en volhard."

**As jy saam met enige persoon, dood of lewend, kon eet, wie sou dit wees?**


Dit is 'n berugte moeilike vraag en dit hang altyd af van waar 'n mens jouself in verskillende stadiums in jou lewe bevind. "Ek sal 'n lys kan maak van mense wat ek vir ete wil nooi. As ek een moet kies, sou ek saam met Maria, moeder van Jesus, en Jesus self ook wou eet. Ek sou hulle so baie dinge wou vra... As ek 'n hele groep kan nooi, wil ek Harriet Tubman oor moed uitvra. Sy was die Amerikaanse afskaffer wat slawerny vrygespring en ander tot vryheid gelei het. Dorothee Soelle, die Duitse politieke teoloog, sal ook aan tafel sit. My ouma is ses jaar gelede oorlede, en daar is 'n paar dinge wat ek haar nooit gevra het nie, en ek sou die geleentheid wou hê om dit te doen. Ek wil graag vir Jacqueline Roque, vrou van die kunstenaar Pablo Picasso, ontmoet om oor sy uitbeeldings van haar in sy kunswerk te praat."

**Tanya gee die volgende raad aan vroue:**

"Vind jou eie stem en ontwikkel 'n ondersteuningsnetwerk. Maak die beste van geleenthede wat oor jou pad kom, maar leer om *nee* te sê wanneer dit nodig is. Wees 'n sterk, onafhanklike vrou."

# Ons vrouedosente in teologie






**Watter boek, fliek, artikel of hoofstuk sal jy aanbeveel vir die vrou van vandag?**

Fliek: *Mona Lisa Smile*.

Storieboek (roman): *Die boek van verlangens* deur skrywer Sue Monk Kidd.

Teologieboek: *Na die sprinkane. Briewe uit 'n landskap van geloof* deur die teoloog Denise M Ackermann

Om studente aan te moedig om met die Fakulteit se sosiale media te kommunikeer, is 'n kompetisie gehou. As eerste prys kon 'n student 'n ete wen met een van die vroulike akademici van wie daar gedurende Vrouemaand 'n profiel geplaas is. Studente moes kommentaar lewer waarom hulle saam met die spesifieke dosent wou gaan eet om te wen. Die wenner het prof Tanya gekies.

**Dr Annelie Botha**

Dr Annelie Botha is senior lektor in die Departement Praktiese Teologie en Missionale Studies (met spesialiteit pastoraat). Haar akademiese loopbaan het in 1997 begin toe sy by UP ingeskryf het om teologie te studeer om predikant in die NHKA te word. Sy het die grade BA, BA(Hons in Teologiese Studies) en MDiv voltooi om hierdie doel te bereik. In 2007 het sy haar MTh in praktiese teologie voltooi, en in 2013 haar PhD in pastorale sorg en berading.

Tussen 2003 en Junie 2022 was sy voltyds predikant, asook 'n geregistreerde spesialis in Christelike pastorale sorg by die Raad vir Pastorale en Spirituele Berading (CPSC). Sy was deurgaans as navorsingsgenoot geaffilieer by UP en het verskeie akademiese artikels geskryf.

Soos dit die geval is met baie predikante, het haar loopbaan as akademikus 'n lang aanloop:

"My ma het ons van die Here geleer: Van my vroegste herinneringe is ons wat by my ma op die bed sit en saam die Gesange uit die Gesangeboek leer… *Jesus roep die kindertjies, moet hul nie verhinder nie… Here Jesus, ek is klein, swak onkundig en onrein… Grote God, aan U die eer…*

As klein dogtertjie het ek reeds die aanvoeling gehad, die roeping gehoor, dat ek 'n predikant moet word. Wanneer my tweelingsus en ek kerk-kerk speel, is ek die predikant. Ek word groot in 'n tyd in die Hervormde Kerk toe hierdie droom besig was om vir elke klein dogtertjie in ons Kerk 'n moontlikheid te word, met Yolanda Dreyer wat bevestig word as predikant in ons Kerk. In my hoërskooljare aanvaar Sonia Kok die beroep na Gemeente Zuurfontein, en die moontlikheid van my droom om waarheid te word, kry 'n nabye voorbeeld.

Ek word groot met ouers wat ons aanmoedig om na skool verder te gaan studeer. Daar is nie vir ons voorgeskryf wat om te gaan studeer nie. Toe ek een Sondag terwyl Sonia die kansel opstap onder die intogslied vir my ma sê, *Ek wil predikant word*, was haar antwoord: *Ek weet*. My ouers het my nooit probeer oorreed om nie 'n predikant te word nie, maar my in liefde ondersteun."

Haar studiejare was vir haar 'n ontdekkingsreis, wat haar help om die teks van die Bybel waarmee sy grootgeword het, nuut te verstaan. Sy sê dit was bevrydend om die wêreld van die Bybel beter te leer ken. Met elke jaar wat verbygaan, word sy meer en meer seker van haar roeping.

# Ons vrouedosente in teologie

**Dr Annelie Botha** ***Vervolg***

"Watter groot vreugde was dit vir my om op 3 Augustus 2003 deur Yolanda Dreyer in die eerste gemeente wat my beroep het, Gemeente El-Flora, georden en bevestig te word!

Aan die einde van 2004 ontvang en aanvaar ek die beroep na Gemeente Gobabis in Namibië. In Januarie van 2005 land ek op Hosea Kotako-lughawe in Windhoek, met net een groot tas en alles wat ek in my handbagasie kon inkry by my. My trek sou eers maande later kon kom, nadat my werkpermit goedgekeur is. Ek word met liefde en hartlikheid deur die liewe mense van Gobabis ontvang. Dit was 'n tyd van eerstes: die eerste vrou wat na die gemeente beroep word, die eerste vrou wat op die Gereformeerde kansel preek. Dit was 'n tyd van avontuur. Die gemeente verskaf aan my 'n Mazda Drifter langbakbakkie as voertuig. In Namibië het ek geleer dat afstand relatief is. Tot vandag het ek nie respek vir afstand wat gery moet word nie. Ek het geleer dat daar nie so iets is soos gou-gou kuier en net koffie drink nie. 'n Besoek word daar baie vinnig middagete en later middagkoffie daarby.

Met huisbesoek bring 'n mens nie net God se Woord aan mense wat dikwels baie ver van die dorp af bly nie, maar sommer ook dit wat hulle van die dorp af nodig het, en soms was dit die lek vir die beeste. Gobabis is vleiswêreld, beeste en skape. Basaartyd is vleiswerktyd, by geleentheid moes ek en een van die ouderlinge met die vroeër genoemde bakkie uitry na een van die plaasboere, self die bees wat hy geskenk het skiet en oplaai dorp toe. Van vassit in die los sand op die plaaspaaie by een van die baie plaashekke kan ek getuig. Hardloopskoene agter die sitplek, saam met 'n bottel water, het my 'n paar keer by hulp uitgebring.

***Dr Annelie Botha***



Aan die einde van 2009 keer ek terug na Suid-Afrika. Met my groot boerboel (Wasti) gelaai in my Fiat Panda, pak ek die pad terug deur Botswana aan, om my nuwe tuiste te vind in Mahikeng. Ten spyte daarvan dat die gemeente en kerkraad van Mafeking gewaarsku is dat 'n vrou nie by hulle sou aard nie, vertrou hulle God se roepstem en beroep hulle my na die gemeente. In my bediening het ek by meer as een geleentheid ervaar hoe God my neersit op die plek waar ek moet wees. In God se hand is ek veilig.

In Mafeking was daar ook 'n hele paar eerstes: die eerste vrou wat hierheen beroep word, die eerste vrou wat skriba en later voorsitter van die ring van Zeerust word. Hierdie eerstes maak my meer bewus van die verantwoordelikheid wat die posisies bring.

As ek nie werk nie, draf ek graag saam met my hond Freya, en ek hou van fliek. My aanstelling by UP gee my ook die geleentheid om meer tyd met my familie en vriende deur te bring – iets wat voorheen nie altyd moontlik was nie omdat ek ver gebly het. My familie bly in Kempton Park.

Ek is dankbaar dat ek die geleentheid het om die Here ook op hierdie manier, deur die aanstelling by UP, te dien. Tydens my bediening in die Kerk het ek deurgaans betrokke gebly by die akademie, artikels gepubliseer, en die Werkgemeenskap vir Praktiese Teologie in Suid-Afrika se byeenkomste bygewoon, asook ons twee kongresse bygewoon.

My raad aan jong vroue (spesifiek dames wat teologie wil studeer) sal wees dat hulle niemand (in die bediening, akademie of waar ook al) moet toelaat om vir jou te sê wat jy kan en wat jy nie kan doen nie. Leef jou roeping!"

(Artikel saamgestel uit onder andere inligting soos verskaf deur die dames self en wat op die sosiale media van die Fakulteit geplaas is, asook uit *Die Hervormer*, wat 'n berig oor dr Botha geplaas het.)

# Fynbos



# Fynbos

*[Dominic Chadbon](#) & ds Hannelie Botha*

**In die begin van die nuwe millennium het hierdie Vrystaatse Pretorianer (gebore in Pretoria, maar ek beskou myself as meer van 'n Vrystater!) Kaap toe verhuis. Ek het dus mielies en koring en Afrikanerblommetjies en ranonkels en angeliere en rose en affodille geken. Toe land ek op die Weskus – waarheen mense van oral in die wêreld gaan om blomme te kyk. Alles pragtig.**

Vir 'n kort rukkie het ek by die gemeenskapskoerant *Die Weslander* gewerk as joernalis. Een van my opdragte daar was om vir 'n spesifieke uitgawe 'n voorbladfoto in Hopefield te gaan neem waar die een of ander Fynbos-blommefees of -skou aan die gang was. Groot was my teleurstelling toe ek daar kom en feitlik niks blomme sien nie. Natuurlik toe ook geen voorbladfoto gekry nie. Terug in die kantoor en by die aanhoor van my teleurstelling, het my kollegas gesê hulle moes ook van beter geweet het as om 'n Vrystater te stuur om te gaan fynbos afneem. Duidelik het ek niks van fynbos geweet nie en dus ook nie waarvoor om te kyk nie.

Wat *is* fynbos nou eintlik? Is dit 'n bos? Of baie van hulle? En hoekom ontlok sulke skynbaar onbeduidende plantegroei sulke blinkoog-opgewondenheid by andersins heel normale mense? O, en aangesien ons nou op die onderwerp is, wat is die storie met fynbos en vuur?

### Wat is fynbos?

Die naam is afkomstig van 'n Oud-Hollandse woord: "fyn bos". Dit verwys nie na een nie, maar na al die plante wat met die berge van Suid-Afrika se Kaapse streek geassosieer word. Dit is soos om *tropiese woud* of *savanna* te sê – met ander woorde, 'n plantegroeitipe. Hierdie berge – wat bestaan uit sandsteen – strek vanaf die Wes-Kaap se Cederberg-reeks drie uur se ry noord van Kaapstad tot by die berge van Grahamstad in die Oos-Kaap, 'n stywe rit weg.

Fynbos lyk op 'n afstand onindrukwekkend. Dit is boomloos, skurf en bruin – "fyn bos" in die sin van dun, droog en nie baie produktief nie. Dit is heideveld – wat lyk soos soortgelyke omgewings in Europa, Australië en Suid-Amerika wat onder moeilike klimaatstoestande in voedings-arme grond groei. Fyn bossie inderdaad, maar by nadere ondersoek openbaar fynbos sigself as 'n betowerende mosaïek van plante wat elke maand van die jaar met blomme uitbars. Proteas is die bekendste plante in fynbos, maar dis die Kaapse riete wat die teenwoordigheid daarvan definieer. Ander bekende name wat in fynbos voorkom, is heide, irisse, madeliefies en orgideë, asook lede van die sitrus-, ertjie- en wortelfamilies.

### Wat maak dit so spesiaal?

Fynbos is die mees bestudeerde plantegroeitipe buite Europa. Generasies wetenskaplikes – insluitend Charles Darwin – is oopmond in verwondering gelaat oor alles, en dit is nie noodwendig omdat dit so bedrieglik mooi is nie.

Daar is 'n ontsaglike aantal plantspesies teenwoordig. Europa het byvoorbeeld 20 verskillende soorte heide; die fynbos – wat 'n gebied so groot soos Portugal beslaan – het 652. En dan ook is soveel fynbosplante – sowat 70% – heeltemal uniek aan die streek. Vry van groot katastrofes (byvoorbeeld 'n Ystydperk) vir miljoene jare, het fynbosplante die tyd gehad om aan te pas by elke hoogte en laagte van die berge, en floreer hulle in mikro-omgewings wat deur slegs 'n paar meter hoogte bo seespieël of millimeter reën geskei word. Die netto resultaat is die wêreld se mees diverse planthabitat – selfs meer as tropiese reënwoude. Daar is byvoorbeeld baie meer plantspesies op die 70 kilometer lange Kaapse





***Waarop dit alles gebaseer is: antieke, kwartsagtige sandsteen wat 400 miljoen jaar gelede die bodem van die see was.***

***Die bekende koningprotea (groot protea), wat regdeur die fynbosstreek voorkom, is Suid-Afrika se nasionale blom.***





***Die fynbos-bedekte Kaapse Plooiberge, wat deur kontinentale botsings opgefrommel is, is dikwels dramaties steil – ongelooflik mooi.***

***Vervolg***

Skiereiland as in die hele Britse Eilande; ry na die berge 45 minute weg en jy het 'n soortgelyke aantal plante, maar die helfte van hulle verskil.

**Wat is die rol van vuur?**

Eenvoudig: geen vuur, geen fynbos. Elke bietjie fynbos wat jy vandag kan sien, is oor tienduisende jare herhaaldelik tot op die grond afgebrand. Dit bedek die berge as gevolg van vuur. Hoe so? Gaan terug in tyd vier of vyf miljoen jaar, en die Kaapse landskap was bedek met dik, druppende bos. Twee miljoen jaar gelede het die klimaat opgedroog, en vuur is aan hierdie warm, winderige berge bekendgestel. As gevolg van vlamme het bome teruggetrek na vuurvaste klowe soos Tafelberg se Geraamtekloof. In hul plek het fynbosplante gekom, waarvan baie vinnig by die nuwe regime aangepas het: vuur, wind, son, min voedingstowwe en min water.

Gevolglik benodig fynbosplante nou vuur om hul lewensiklus te voltooi: Die vlamme verbrand opgehoopte dooie plantmateriaal om voedingstowwe terug in die verarmde grond te herwin; die intense hitte maak dig verseëlde saadkegels oop en veroorsaak dat ondergrondse bolle groei. Dit word meer kompleks: Die chemikalieë in vuur, soos ammoniak, dien as stimulante vir baie proteaspesies om uit hul swart stomp in blare uit te bars. Dit gebeur ook vinnig: Binne 'n week kom daar groen lote uit die verkoolde sand. Na 'n paar maande is die landskap vol kleur, aangesien duisende blomplante voordeel trek uit die nuwe toestande, wat ironies genoeg 'n na-brand-omgewing die beste plek maak om fynbos te sien.

**Word dit bedreig?**

Ja, maar miskien nie op die manier wat 'n mens sou dink nie. Fynbos sal klimaatsverandering in die een of ander vorm hanteer, en die meeste daarvan loop nie die gevaar om in parkeerterreine of winkelsentrums omskep te word nie, omdat fynbos gewoonlik groei op steil, winderige berge wat deur vuur meegesleur word. Maar wat fynbos nie kan hanteer nie, is uitheemse bome. Mediterreense denne, Australiese bloekombome en akasias – bome wat in soortgelyke omgewings floreer – oorweldig fynbos en verander blomvelde in donker, stil woude. Hul opmars is meedoënloos, hul windverspreide sade neem hulle in ontoeganklike klowe en waterlope en wurg die berg-ekologie.

Fynbos word ook op baie plekke bedreig weens 'n wisselvallige brandregime. Alhoewel fynbosplante vuur nodig het, neem baie van hulle 15 jaar of wat om weer hul saad op te bou. Daarom is die frekwensie van brande van kardinale belang, en deesdae is dit dikwels die geval dat sommige gebiede te gereeld brand (die onderste hange van Tafelberg) of nie genoeg nie (ironies genoeg, die meer afgeleë dele van Tafelberg). En as die fynbos met uitheemse bome besmet is, word brande te warm, en verbrand dit eerder as om stimulerend te wees. Aanskou die onlangse skade aan die Tuinroete-dorpie Knysna waar uitheemse bome die bergbrand na die stedelike gebied afgevoer het.

**Waarom moet ons dit bewaar?**

Daar is baie redes om fynbos te bewaar. In die geheel gesien, waarborg dit die biodiversiteit van hierdie berge en bied dit ons weer 'n gesonde, toeganklike, natuurlike omgewing. Daar is werkgeleenthede en opvoedkundige ervarings in fynbos, sowel as ontspannings-, toerisme- en navorsingsgeleenthede, maar die grootste rede om fynbos tans te bewaar, is die behoefte om water uit Kaapstad se krane te laat vloei.

Fynbosbedekte berge is verantwoordelik vir die lewering van een glas water uit vyf in Suid-Afrika. Van die natste plekke in die land is wilde, deurdrenkte bergtoppe bedek met skaars proteas. Fynbos laat tot 80%



***Bo: Die blou disa is een van die vele orgideespesies in fynbos – 'n kwart van die orgideë in Suider-Afrika word op die Kaapse Skiereiland aangetref.***

***Onder: Jy vind die bisarre sowel as die mooie in fynbos – die kandelaarlelie, wat eers aan die einde van die somer vir 'n paar kort weke opkom.***



***Onder: Heide kom in groot getalle in fynbos voor en pas by plaaslike toestande aan om honderde verskillende spesies te skep.***





*In die plek van gras kry 'n mens die Kaapse riete wat 'n belangrike aanduiding is van die aanwesigheid van fynbos. Hoe meer jy hiervan sien, hoe meer gehard is die omgewing.*


*Vervolg*

van die reënwater afloop en ons riviere en reservoirs opvul. Bedek die berge met denne en bloekoms, en jy kan tot 70% van die reën wat daarop val, verloor. Dit is net so belangrik om van uitheemse bome ontslae te raak en fynbos te bewaar as wat dit is om jou tuinslang weg te pak en 'n reënwatertenk te kry.

***Inligting en foto's verkry vanaf thefynbosguy.com***



***Uitheemse dennebome versmoor fynbos, vernietig biodiversiteit, drink kosbare water op – verhoog die brandrisiko.***



***Bergwater op pad om Kaapstad se drinkwater te word; bewaar fynbos en ons hou die krane aan die gang.***



*Brand vernietig die meeste fynbos tot as – hier is die Silwermynberge naby Kaapstad in Maart 2015 ná 'n monsteragtige brand.*



*Hierdie Kaapse riet spruit eenvoudig weer uit sy verkoolde maar brandbestande stomp, 'n taktiek wat deur baie fynbosplante gebruik word.*

# Streekbyeenkomste



*Die vrolike dames van Rustenburgstreek.*









# 'n Laaste paar foto's

**STREEKBYEENKOMSTE**




***Vaalrivierstreek se verteenwoordigers***

**Medewerkers aan hierdie uitgawe:**
**Ds Hannelie Botha (redakteur), prof Tanya van Wyk, dr Annelie Botha, Dominic Chadbon**
**Taalversorging: Tessa Oppermann**
**Foto's vanaf *www.Pixabay.com* tensy anders vermeld. Ander grafika van *www.flaticon.com***
**Indien jy nie meer *Die Christelike Vrou* wil ontvang nie, stuur asseblief 'n e-pos na *admin@nhsv.org.za***

***www.nhsv.org.za*** | ***Posbus 111, Worcester 6849*** | ***diechristelikevrou@gmail.com***
***diechristelike*** | ***Christelike Vrou*** | ***082 923 9439***

***Die opinies van rubriekskrywers weerspieël nie noodwendig die oortuigings en standpunte van* Die Christelike Vrou *se redaksie of die NHSV nie.***